

**Parksig
Eiendomsagent-
skap**

HUISE — PLASE — PLOTTE
BESIGHEDE — STANDPLASE
VIR 'N EERLIKE
TRANSAKSIE
SIEN OF BEL
1486 Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven.)

die
Wapad

UNIE-BAKKERYE

— Bakkers en Banketbakkers —

BROOD, KOEK EN
PASTEITJIES
vir alle geleenthede
★

Spesialiseer in
TROU-, VERJAARDAG- EN
DOOPKOEKE

Fabriëke te Potch. en Klerksdorp

Jaargang XVI

Vrydag, 25 Augustus 1961

Nr. 89

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

DAG VAN AFREKENING IS HIER

Pukke Moet More Wen

(Van die Hoofredakteur)

'N NEDERLAAG WAT GEWREEK MOET word . . . of 'n vyfkuns. Dit is wat môre op die spel staan wanneer die Pukke en die Kowsies in die een-en-twintigste Intervarsitybotsing op Olënpark teen mekaar te staan kom.

Die Vrystaters was nou reeds by vier agtereenvolgende geleenthede die Pukke se tier en môre gaan hulle alles in die stryd werp om 'n trotse rekord in ere te hou.

Piet Bosman en sy manne daarenteen veg met die rug teen die muur en sal elke greintjie energie in die stryd werp om die buur-universiteit 'n loesing te gee.

Die Pukke is vasberade, en begeesterd met 'n wil om te wen en die Kowsies sal hare op hul tande moet hê as hulle hierdie vyftien man onder die knie wil kry.



Piet Bosman, die Pukke se kaptein op wie se skouers 'n groot taak rus.

EIENSKAP

Die Pukke het die eienskappe om te wen. Die voorspelers is stewig en die driekwarte kan hardloop met die bal.

Een ding is seker, en dit is dat die stryd wat môre onder die voorspelers gaan woed, titanies gaan wees. Die span wat hier die botoon gaan voer, gaan wen.

Die Pukke se voorspelers is mooi op stryk. In die vaste spel sal Wil de Waal, Piet Bingle en Poens Prinsloo hul man kan staan teen Van Reenen, Verster en Du Plessis.

GRYS HARE

Die ervare Herman Venter en sy briljante maat Koos Hattingh is bekend daarvoor dat hulle menige slot vanjaar al grys hare besorg het. Hulle kan hoog rank en as hulle môre alles in die stryd werp, sal Kalie Strydom en Steyl hulle slag moet ken.

Kaptein Piet Bosman is soos 'n valk op 'n los bal en môre sal hy en Koos du Plooy en Terry Roscher se taak veral wees om Johan Jacobsz geen beweegruimte te gun nie.

Henry Meyer, die Kowsies se agtsteman, Travers Jordaan en Lubbe, die flanke, is self dorings in die los

en hulle sal deeglik doggehou moet word.

Trouens, die Pukke moet sorg dat hierdie drie manne deeglik in die oond vasgehou word, omdat Carl Grundlingh—met sy tradisionele bedrieglike breekslae—die Kowsie-agterlyn kan ontangel.

MAN-VIR-MAN

Die Kowsie-agterlyn, met kaptein Jacobsz aan die spits en sulke ervare spelers soos Koppie Marais, Bennie van Niekerk, die Springbok, en Gert Celliers, is gevaarlik.

Maar die Pukke kan hulle man-vir-man die hoof bied. Alles dui daarop dat die stryd tussen die twee losskakels, Grundlingh en Jacobsz, deurslaggewend kan wees.

Grundlingh speel vanjaar op sy beste en hy kan môre die Kowsies na die Pukke se pype laat dans.

Marais en Van Niekerk is dodelike verdedigers, maar Johan en Jan van der Schyff ('n man wat baie Intervarsities agter sy naam skryf) is een van die gedugste kombinasies wat die Pukke in jare gehad het.

Die Kowsies sal moet bakstaan



Bennie van Niekerk, Springbok en senter van U.O.V.S.

om hierdie twee broers se swenklope te stuit.

WINDHOND

Smous van der Westhuizen het vanjaar sy krag as vleuel herhaalde. (Vervolg op bladsy 2)

REDAKSIONEEL

WELKOM IN PUKLAND!

Sedert ons verlede jaar tydens Intervarsity ontmoet het, het besondere gebeure in Suid-Afrika en ook aan die studentefront plaasgevind.

Hierdie Intervarsity sal byvoorbeeld die eerste in die Republiek van Suid-Afrika wees. As studente is dit sekerlik van belang dat ons ook op hierdie dinge ag sal slaan.

Maar ook op die gebied van sport was dit 'n jaar van groot bedrywighede.

Nou doen die geleentheid hom weer aan twee Afrikaanse universiteite voor om op minder ernstige gebied mekaar in gesonde wedywing te verkeer. Intervarsity dra 'n stempel van sy eie en ons vertrou dat dit so sal voortduur.

Wat verlede jaar gebeur het, weet ons, maar wat vanjaar gaan gebeur, is nog geen uitgemaakte saak nie.

Die hoogtes van oorwinning is dikwels eensaam en alleen. Op verloor se vlaktes dink mens aan dinge waaraan jy nie sou gedink het as jy oorwinnaar was nie.

Die onderkant van 'n saak is eintlik die stormloopkant van 'n saak. En as 'n mens storm, dan storm jy boontoe. Dan moet dit wat bo is, baie stewig sit. Want die momentum kom van onder af.

Namens die P.U. vir C. H.O. 'n hartlike woord van welkom aan die Kowsies! Ons vertrou dat u die dag in ons midde sal geniet en dat ons in war: sportman ges Intervarsity sal hou. — (Red. D.W.)

Stryd Op Pawiljoen



Die stryd op die pawiljoen is altyd een van die aangenaamste dinge van Intervarsity. Môre word die Pukke gelei deur Hans van Zyl (regs) en Frik van Deventer.

Spanne vir More

PUKKE

Schalk Hoogenboezem
Eddie van der Westhuizen
Jan van der Schyff
Johan van der Schyff
H. B. van der Walt
Carl Grundlingh
Friedel Swart
Wil de Waal
Piet Bingle
Poens Prinsloo
Piet Bosman (Kapt.)
Herman Venter
Koos Hattingh
Terry Roscher
Koos du Plooy

KOWSIES

D. Gray
G. Celliers
K. Marais
B. van Niekerk
H. Rohde
J. Jacobsz (Kapt.)
F. Koch
S. van Reenen
J. Verster
H. du Plessis
T. Jordaan
K. Strydom
B. Steyl
G. Lubbe
H. Meyer

'n Djallas Intervarsity, mense!

met . . .

djallas foto's

Kom bestel hulle by

PIET FOTOKUNS

TOMSTRAAT 82

POTCHEFSTROOM

Pukke Moet Wen

(Vervolg van bladsy 1)

lik bewys en as hy soos 'n windhond langs die lyn afseil, sal Gert Celliers sy keer moet ken. Oor H. B. van der Walt se aanvalle is daar geen bedenkinge nie en hy sal moeilik geklop word deur Rohde.

In die heelagtervesting is Schalk Hoogenboezem veilig en as hy môre sy skopskoene aan het, kan hy vir die Pukke lang stukke veld wen.

Kortom, Friedel Swart en Carl Grundlingh kan gate deur die Kovsies se verdediging slaan en hulle baie hoofbrekens besorg. Die Pukke moet nie skroom om hulle



Kalie Strydom, een van die Kovsies se slotte.

agterlyn te laat hardloop nie en as hulle die bal in die vastespeel beheers en die agterlyn benut die kanse ten volle moet die Puk vanjaar Intervarsity wen.

GOUD WERD

Jan van der Schyff moet môre net nie sy skopskoene by die huis laat lê nie, want elke punt sal goud werd wees.

● Alles dui daarop dat die stryd titans en verbete gaan wees.

U.O.V.S. is die afgelope drie jaar op die kruin van die oorwinningsgolf. Maar hulle bly 'n span wat nooit onderskat mag word nie. Hulle is bekend daarvoor dat hulle met opportunistiese spel teenstanders se foute kan uitbuit en daarom kan geen Puk môre sy lyf vir een oomblik wegsteek nie.

RAPS BETER

Die Pukke se kanse om hierdie feesintervarsity te wen, is goed; sekerlik 'n raps beter as verlede jaar. Want ons manne is sielkundig voorbereid en vasberade soos nog nooit tevore nie. Die samespel, die hegte binding en die deursettingsvermoë mag geen oomblik verslap nie.

● Elke Puk hou sy duime vas en dalk nog sy meisie s'n ook—en albei skree tot barstens toe!

Winde van verandering waai oor die campus

DAT DIE WINDE VAN verandering sowaar vandag en môre oor ons ou campus waai is duidelik te sien. 'n Ousien dit nie aan deurmekaar hare of lastige rokkies nie — 'n mens sien dit aan sulke bont baadjies wat by die Puk-hekke ingesypel kom soos opstookpropaganda in 'n lokasie.

Die winde het verandering op ons rustige, vredsamese plek gemaak, want die Kovsies is hier aangewaaï, en by Saterdagmiddag se kant sal hulle skoon wind-verwaaid wees.

WERKLIKHEID

Hoe dit ookal sy, hulle is hier en ons moet die werklikheid in die gesig staar—wat nog te sê van hulle gesigte?! Hulle gesigte het mos altyd daardie selfvoldane uitdrukking soos die van 'n eerstejaar wat eerste deur 'n ouheer gegroet word.

Wat die dag van Saterdag 26 Augustus vir hulle gaan oplewer sal hulle gesigte egter laat lyk soos 'n ou se gesig wat deur die bek-en-klou-kordon voorgekeer is.

Maar al moet dit nou so sleg met die Oukies gaan, wil ons hulle darem nog die beste toewens.

ONDERVINDING

Ek weet dit sal vir die Kovsies 'n groot ondervinding wees, want as 'n mens daar by hulle is, sal enige verandering 'n aangename ondervinding wees.

Maar nouja, ons hoop hulle geniet die dag hier terdeë, want die dag self is van groot betekenis. Intervarsity is mos vanjaar mondig. Dit is vanjaar die een-en-twintigste keer dat ons twee universiteite mekaar gaan gryp. Laat ons daarvan 'n regte mondigwording-fees maak.

SLEEPGEBIED

Dat Intervarsity nie net op die sportfront sy invloed laat geld nie, maar terdeë ook op die sleepgebied, is duidelik sigbaar.

Ek weet nie of sing-songs die rede daarvoor is nie. Miskien is dit die interpretasie wat party mense aan die term „gees vang” heg. Wel, as dit die geeste is wat 'n mens vang, dan word ek beslis n' spoke-jagter.

Dit is blykbaar nie net Intervarsity wat 'n invloed op die kys-aktiwiteite gehad het nie, maar die toer-naslepe word nou eers van belang:

TOERKYSTE

Daan Malan—Hettie Oosthuizen.
Kotie de Jager—Amke Rossouw.
Piet Vorster—Alta de Kock.
Fanie du Plessis—Annetjie Venter.

CAMPUS-KYSTE

Herman Louw — Du Borette Venter.

Desirè Joubert — Alfonso Kriel (Bethal).

Carl Grundlingh—Rika Harmse.

Flip van der Westhuizen—Adriana Coetzee.

Josua Welding—Liesje Wegner.

Rudolf van Ryneveldt — Etta Scheepers.

Nic Badenhorst — Judy van Rooyen.

Bosch van Oudtshoorn — Adri Hoogenboezem.

VERLOWINGS

Kennie de Kock—Martie Lessing.

Audrey Grimm — Fred Coetzee (Ventersdorp).

Annemarie Meijer—Henk Bakker (Tukkies).

Irma Brugmann—Chris Venter.

Martie Coetzee—Pieter Lategan (Stellenbosch).

Engela Buys—Koos van der Walt (boer van Steynsburg).

Gous Oberholzer — Milly van Rensburg.

Jan Boneschans—Louie Jooste.

Johnny Lewis — Aloma Herbst (Germiston).

● As 'n mens so na hierdie lysie loer, dan kan 'n mens verstaan waarom ek sulke klaagbriefies soos hierdie een hieronder kry (. . . en dis eg).

„Hoe lyk dit dan of ons dames weens die stadigheid van die Pukmans met ander universiteite, ens. se ouens verloof raak, hê oom Lokomotief?

„Jy sal iets moet doen om jou manne aan te spoor!”

Nou toe kêrels, stel my nou nie te leur nie.

● Shakespeare moedig julle ook aan. Hy sê: „No; yet time serves, wherein you may redeem your banish'd honours, and restore yourselves into the good thoughts of the world again—”

ONZE OOM LOKOMOTIEF.

HANS VAN ZYL TERUG! Geesdriftig Verwelkom

(Van die Hoofredakteur)

'N GEESDRIFTIGE SKARE Pukke het Hans van Zyl vanmiddag in die Studentesaal verwelkom. Oorverdoende en langdurige applous het die Studentesaal byna uit sy nate laat bars toe Hans op die verhoog stap.

„Dis 'n Pukkleurbaadjie hierdie, Pukke! Ek is terug uit die land van die barbare,” het hy gesê.

Hans het vertel hoe hy geskaak is: „Piet Bosman, Carl Grundlingh, twee eerstejaars—heel binne die reëls—en

ek het amptelik kennis gekry om 'n foto by Alf's te laat neem vir 'n Johannesburgse middagkoerant.

SEUTELGATE

„Ek het geweet Piet sou my nie weggee nie, en Carl sou my nie weggee nie. Ons het gesit en toe die derde foto geneem word, peul Kovsies uit alle hoeke, gate en sleutelgate uit.

„Op die keper beskou, is ek toe met peper oorrompel. Die volgende oomblik het ek besef ek is gevang en jaag teen 'n snelheid van 80 m.p.u. verby alle verkeersligte.

BYNA ONTSNAP

„Op Parys het ek byna ontsnap. Ek storm by 'n huis in en sê vir die omie hy moet al die deure toestop en die polisie bel. Hy sê egter net: „Weg is jy”.

„Toe ek my keer kon kry was ek in Bloemfontein. Hulle gees was dood, maar toe ek daar kom was daar skielik lewe in die ou spulletjie.

„Ek is nooit aan my self oorge-laai nie—behalwe dat sowat 200-300 eerstejaars gereeld om my geswerm het.

„Snags moes ek my klere in 'n kas toesluit. Bowendien het ek sedert Dinsdag slegs sowat drie uur slaap gehad.”

Hans het melding gemaak van die goeie gedrag van die Pukke in Bloemfontein.

Oor Ukovs se dirigente het hy gesê: „Hulle spring soos vaal kangeroes op en af op die verhoog en loop oor van hulleself.”

GROOT DINGE

Hans het afgesluit: „Pukke, ek is terug. Ek voel groot dinge gaan môre gebeur. Op die veld gaan ons die Kovsies 'n loesing gee wat in lengte van dae onthou sal word!

„Ek is reg vir hulle op die pawiljoen!”

● Nadat Hans gepraat het, het die Pukke nog lank heerlik gesing. Die gees is reg en Intervarsity gaan gewen word!

Dirigent Se Lof Vir Plaat

Onderstaande brief is deur mnr. Aanton Hartman van die S.A.U.K. aan die rektor van die P.U. vir C.H.O. gerig na aanleiding van die plaat Studentesang.

„Ek het vandag 'n eksemplaar van die plaat met P.U.-studenteliedjies verwerk deur Stefans Grové, ontvang.

„Ek voel dat ek vir u as rektor wil sê dat dit nie alleen 'n groot genot was om te kon mee-help met die maak van hierdie plaat nie, maar dat dit seker iets heeltemal uniek is.

„Stefans Grové het die liedjies so kunstig, verbeeldingryk en tog stylgetrou verwerk dat hulle iets veel belangrijker as net gewone studenteliedjies geword het.

„Een van die dinge wat my geweldig beïndruk in verband met die Potchefstroomse Universiteit is dat daar soveel egte, eenvoudige, maar waarlik waardevolle dinge gedoen word en dat daar nie gedung 'n gesoek is na die groot gebaar van die dinge wat blink of aendag trek nie”.

INTERVARSITY MORE VOORWEDSTRYD

(Van die Hoofredakteur)

DIT IS NOU EENMAAL SO: Intervarsity is môre 'n voorwedstryd vir 'n skolewedstryd.

Dit is iets ongehoords in die geskiedenis van Intervarsities in Suid-Afrika dat so iets gebeur.

Die geskiedenis van hierdie onsmaaklike saak dateer sedert 15 April toe die Wes-Transvaalse roosterkomitee die datum 26 Augustus aan die P.U. toegeken het vir Intervarsity.

Alle reëlins het vlot verloop tot dat verlede Saterdag bekend geword het dat Rustenburg en Hoër Volkskool (Potchefstroom) die eindwedstryd om die Administrateursbeker hierdie naweek op Potchefstroom moet uitspeel.

BEPALINGE

Alle poginge tot skikking ten spyte het Rustenburg en Volkskool daarop

aangedring dat die bepalinge om die eindwedstryd nagekom moet word. Hierdie bepalinge lê neer dat die eindwedstryd op die hoofkwartier van die tuisspan afgespeel moet word en wel as 'n hoofvoorwedstryd of as 'n hoofwedstryd.

In een stadium het dit voorgekom asof Intervarsity glad nie sou plaasvind nie, maar die twee universiteite het, hoewel erg teleurgesteld het, toegestem om Intervarsity af te handel voordat die skolewedstryd dan in die laat namiddag plaasvind.

● Dit is voorwaar te betreur dat Intervarsity van 1961 in die skadu van hierdie bitter nasmaak moet plaasvind.

BEROEP

Daar kan in hierdie stadium egter niks aan die saak gedoen word nie. Ons doen dan ook 'n hartlike beroep op alle Pukke om mare sportmans-

gees aan die dag te lê en alle orde reëlins so vlot moontlik te laat verloop.

Prof. L. J. van H. Fourie, lid van die Wes-Transvaalse Bond en ondervoorsitter van die P.U.-klub, doen die volgende beroep:

„Oor die voor- en nadele van die reëlins in verband met die Intervarsity op Potchefstroom wil ek my nie uitlaat nie, behalwe om te sê dat die Wes-Transvaalse Bond geen koste of moeite ontsien het om die moeilikheid op te los nie.

„Nou het die Bond besluit, en aangesien ek die persoon is wat op die vergadering van die Bond voorgestel het dat die Intervarsity die voorrang geniet en die skole gevra word om elders te speel, het ek die vrymoedigheid om die studente en ander te vra om nou by die Bond te staan met die moeilike uitvoering van sy besluit.

„Laat ons nou asseblief sorg dra dat alles so ordelik moontlik verloop.”

Dames!

PROTEA APTEEK

Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:

- * HELENA RUBENSTEIN
- * Dr. PAYOT

KERKSTRAAT 86

Trap vas met Dixi . . .

Dixi-Cola

Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.

SHERR & SHAKINOVSKY

FOON 16 en 1144

POSBUS 134

Parksig Eiendomsagentskap

HUISE, PLASE, PLOTTE, BESIGHEDE, STANDPLASE

Vir 'n EERLIKE TRANSAKSIE sien of bel Telefoonnommer

1486

Na-ure 2054

Eienaar . . . G. Schoonhoven

INTERVARSITY PROGRAM

VRYDAG, 25 AUGUSTUS		
10.49 vm.	U.O.V.S. arriveer	Cachet
11.00 vm.	Teefunksie vir tennisspelers	Kafeteria
12.00 vm.	Middagete vir tennisspelers	
1.15 nm.	Tennis	P.U. en P.O.K. bane
7.00 nm.	Skaak	Sielkundelaboratorium
7.30 nm.	Debat.	Hoofgebousaal
7.30 nm.	Pluimbal	Gimsaal
7.30 nm.	Tafeltennis	Studentesaal
SATERDAG, 26 AUGUSTUS		
6.00 vm.	U.O.V.S. arriveer	Cachet
7.25 vm.	Oggendete	
8.30 vm.	Dameshokkie II	P.U. Damesveld
8.30 vm.	Korfbal II	P.U. bane
9.30 vm.	Dameshokkie I	P.U. Damesveld
9.50 vm.	Korfbal I.	P.U. bane
9.50 vm.	Rugby O/19 B	P.U. A-veld
9.50 vm.	Rugby III B	P.U. B-veld
10.45 vm.	Manshokkie I	P.U. Damesveld
11.00 vm.	Manshokkie II	P.U. Mansveld
11.00 vm.	Rugby III A	P.U. B-veld
11.00 vm.	Rugby O/19 A	P.U. A-veld
12.30 nm.	Middagete—alle spelers	
1.00 nm.	Busse vertrek na Olënpark	(Spelers U.O.V.S.)
1.15 nm.	Rugby II	Olënpark A
2.30 nm.	Voorstelling en Heildronke	Op veld
2.45 nm.	Rugby—Eerstespanne	Olënpark A
2.00 nm.	Wegspring landloop	Hoofgebou
4.15 nm.	Busse vertrek vanaf Park	(U.O.V.S. en U.O.V.S. Spelers)
5.00 nm.	Braaivleis (massa)	Oude Molen
7.00 nm.	Intervarsityuitgawe DIE WAPAD verskyn	
8.00 nm.	Flick: „Artists and Models”—Jerry Lewis en Dean Martin—GRATIS	
12.00 nm.	U.O.V.S. vertrek	Cachet

Piet Kapp Oorsee

—Die Abe Bailey-beurs is vanjaar aan die Universiteit van Stellenbosch toegeken aan mnr. Pieter Kapp.

Mnr. Kapp is onder-voorsitter van die Studenteraad en ook onder-president van die Afrikaanse Studentebond.

Luidens 'n berig in Die Matie vertrek mnr. Kapp op 1 Desember vanaf Kaapstad na Brittanje, vir 'n toer van vyf weke. Hy sal waarskynlik in Europa agter bly om navorsingswerk in geskiedenis voort te sit.

Gelykop

Die Puk se tweede voetbal-span het verlede Saterdag gelykop gespeel teen Western Reefs met elf punte elk.

Die Navymanne het op 'n hoë noot begin en dit het gelyk asof hulle hul teenstanders van hulle voete gaan afspeel. Dit was dan ook veral te danke aan die mooi samespel deur die voorspelers in die eerste helfte dat die rustydtelling 5—0 in die Pukke se guns was.

Die Pukke het ongelukkig die fout begaan om nie deurgaans ewe hard te speel nie en dit is dan ook een van die redes waarom hulle nie gewen het nie. Die ander rede was die swak verdediging van die agterlyn; hieraan sal baie aandag geskenk moet word — veral met die oog op Intervarsity.

PUNTE

As ons iemand moet uitsonder wat baie mooi gespeel het, dan moet die naam van Piet van der Schyff, wat pragtige breekslae uitgevoer het, beslissig genoem word.

Punte is aangeteken deur Piet van der Schyff (drie), Johan Breytenbach, wat ook oral op die aanval te sien was (drie), en Nick Swart (drie), terwyl Schalk Hoogenboezem, wie se buitelynskoppe puik was met een vervyfskop kon slaag.

Interessante Toer Na Zoeloeland

Gedurende die Julievakansie het studente van die departement Bantoetale 'n toer deur Noord-Zoeloeland onderneem. Verskeie interessante plekke is besoek en baie ondervinding is tydens die toer opgedoen.

Met die besoek aan Mbazwane het die groep die ondervinding meegemaak om te sien hoe die Zulu's die Lala-palm tap om van die sap bier te maak.

Nadat alle blare onderaan die stam van die palm verwyder is, word die kaalgestroopte stam omtrent 'n voet bokant die grond met 'n skuinshoek afgekap sodat die sap aan een kant van die stam kan afloop. Die sap word in 'n kalbas opgevang wat met 'n gevlegte deksel bedek word.

GEMMERBIER

Die bier wat van hierdie sap gemaak word, se smaak is soortgelyk aan die van gemmerbier.

Van Mbazwane af is die Sibazi-meer—die grootste binnelandse varswatermeer in die Republiek—besoek. Die rivier wemel van seekoeie en krokodille.

By Kosibaai is die viskrale van die visvanger Tongas besigtig. Die viskrale is L-vormig en aan die kortste

Peet Strydom se Wysheid


„Meneer die president, ek neem aan dat die kongreslede die verslag deurgelees het.

„Maar nou het ons hier te doen met 'n baie onrealistiese aanname . . .”

(’n Kenmerkende logisme uit die mond van die direkteur vir Studie en Navorsing, mnr. Peet Strydom, tydens die afgelope A.S.B.-kongres)

— Die Matie.

Die Pukke se Voorry



Die stewige voorry van die Puk wat more moet sorg dat die bal uit die oond kom. V.l.n.r.: Poens Prinsloo, Piet Bingle (haker), en Willem de Waal. Hierdie manne vorm 'n gedugte kombinasie met wie die Kovsies rekening sal moet hou.

Kriekettelling Opgestapel Voor Intervarsity

In die laaste wedstryd voor Intervarsity het die eerste span Saterdag vir Western Reefs in 'n baie eensydige wedstryd met 50—0 geklop.

Hoewel die verloorders baie swak vertoon het, kan die rede vir die groot oorwinning gesoek word in die puik samespel van die Pukke en veral die vasberade pogings van die driekwarte.

Dis moeilik om uitblinkers uit te sonder, dog onder die agterspelers

was dit veral die twee Van der Schyff-senters en vleuel H. B. van der Walt wat die skare telkens op mooi lopies vergas het.

VERDIEN SOUT

Die voorspelers het een en almal hul sout verdien en behoort net so teen Ukovs op te draf. Herman Venter en Koos Hattingh het in die lynstane byna skoonskip gemaak en ook nog in die losspeel 'n bars gespeel, terwyl Piet Bingle sy teenstander in die skrum 'n haakles geleer het wat hy beslis nie gou sal vergeet nie.

Poens Prinsloo en De Waal het die grondslag vir Bingle se vertoning gelê terwyl Terry Roscher, Piet Bosman en veral Koos du Plooy die veld vol gespeel het.

PUNTE

Punte is aangeteken deur H. B. van der Walt (3 drieë), Johan van der Schyff (3 drieë en 'n vervyfskop), Jan van der Schyff (drie en 6 vervyfskoppe), Smous van der Westhuizen, Carl Grundlingh (drie elk) en Koos du Plooy (2 drieë). Die ander drie punte het gekom van 'n strafskop deur Jan van der Schyff.

Vir daardie hol gevoel op die maag . . .

Ons bak die HEERLIKSTE

Vleispasteitjies



BAKKERY BAKERY
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 61 Potchefstroom

VIR STUDIE NA DIE V.S.A.

Mnr. J. A. M. de Villiers, lektor in die departement Fisika, het 'n toekenning van die Raad op Atoomkrag ontvang om teen die einde van die jaar vir gespesialiseerde studie na die V.S.A. te gaan.

Tans is mnr. De Villiers besig met die finale afrondingswerk aan sy doktorstesis in fisika wat handel oor die verstrooiing van mu-mesone van kosmiese strale in verskillende metale.

EEN JAAR

Die toekenning van die R.A.K. stel mnr. De Villiers in staat om die Argonne National Laboratory in Amerika, een van die bekendste kernfisiese laboratoria in die wêreld, vir die tydperk van 'n jaar te besoek.

Hier sal mnr. De Villiers 'n gespesialiseerde studie van 'n Van der Graaf-generator onderneem. By sy terugkoms sal hy by die soortgelyke generator van die R.A.K. te Pelindaba gaan werk, het mnr. De Villiers in 'n onderhoud verklaar.

Mnr. De Villiers se eggenote en seuntjie vergesel hom op die studiebesoek.

PIET BOSMAN VOL VERTOUE

Dit is vir my 'n besondere voorreg om al die Kovsies hier in Pukkeland hartlik welkom te heet.

Ek wil dan ook die hoop uitspreek dat Intervarsity van 1961 vir alle studente sal uitstaan as een van die hoogtepunte in hulle studentelewe.

Mag hierdie Intervarsity ook dien om die vriendskapsbande tussen ons twee deelnemende universiteite te bevorder en te versterk.

Ten slotte wil ons U.O.V.S. verseker dat waar hulle die eerste ronde gewen het deur ons dirigent te skaak, ons Pukke vasbeslote is om die finale ronde Saterdag te wen. Dit is dan immers ook hoofsaak!

PIET BOSMAN.

Le Roux Ateljee

vir al u

FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE asook

ELEKTRIESE WARE SKRYFBEHOEFTE — RADIO'S

Span en Omlysting van Tapeserieë

Besoek ons Ateljee te Von Wieflichstraat 33 Tel. 2217

U het volop keuse in ONS groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”

KERKSTRAAT 91—95 TELEFOON 1164 & 497
BORCHERDSTRAAT TELEFOON 3431

POTCHEFSTROOM

Studente!

Besigheid of FLIEK in die dorp
STOOR JULLE FIETSE TEEN
2½c PER DAG
EN KOOP SNOEPERYE BY
Annellas

Restaurant

Kerkstraat 85 Potchefstroom

Die Arcadia Haarkapper

Vier gekwalifiseerde haarkappers tot u diens

„NETHEID EN KWALITEIT-
WERK" IS ONS LEUSE

KERKSTRAAT 77 TEL. 1269
POTCHEFSTROOM

Onthou 3091

Skakel hierdie nommer
vir
diens!

DIE BULT APTEEK

TOMSTRAAT 86

Ons spesialiseer in:

- ★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate
- ★ Egte Franse DANA PARFUUM, en
- ★ Aptekersbenodigdhede

ONDERSTEUN OUD-PUKKE

BULT GARAGE (Edms.) Bpk.

H/v Tom- en Von Wiellighstraat
POTCHEFSTROOM

vir

SMERING, PETROL, OLIE,
REPARASIES en ander be-
nodigdhede

FLEURETTE

SPEZIALE WAARDE

VIR

STUDENTE

Mooi RUIKERS en BLOMME
veral ROOI ANGELIERE vir
VERLIEFDES

HEIDEMA

DIE ADRES VIR:

FIETSE
TIKMASJIENE
BROMFIETSE

Kerkstraat 48 Telefoon 364
POTCHEFSTROOM



Intervarsity

IN DIE OU HOOFSTAD van Transvaal gaan die pap more op die sportvelde weer baie dik aangemaak word. Intervarsity is 'n groot dag in die lewe van 'n student — dis 'n dag van vrolikheid, welwillendheid en . . . venynigheid.

Van hierdie sportdag moet ons dan ook die beste maak. Want wat die uitslag ookal gaan wees, dit sal minder saak maak as die roemryke tradisie van Intervarsity geskaad word. Nog 'n onvergeetlike botsing moet more in goeie gesindheid op Olënpark tot die geskiedenis gevoeg word.

Ons benadering moet suiwer wees: Op die veld harde en eerlike spel; op die pawiljoen 'n stryd om humorsin, lojaliteit en keelsterkte.

LEWE EN DOOD

Dit is geen stryd om lewe en dood nie — dis 'n kragmeting wat ons in die ware gees van studentwees moet aanpak. Dit is 'n gees van ondersteuning, mededinging en verteenwoordiging: sodat een en almal deur woord en daad waardige ambassadeurs sal wees.

Boweal, dis 'n dag waarop die universele band van studentwees twee inrigtings weer koppel. Daarom moet ons op hierdie dag warm bladskud en binne die perke van vriendelikheid en goeie orde diep geniet van studentevreugde . . . wat helaas so gou tot die verlede behoort.

GOEIE NAAM

Die uiteindelijke welslae van Intervarsity sal van elke individuele student afhang. Alles wat studente more doen, waar hulle ookal mag beweeg, sal teen of ten gunste van die goeie naam van hul inrigting aangeteken word.

Aan die Kovsies: Hartlik wederkom. Laat ons mekaar op 'n mooi manier breek . . . op so 'n wyse dat dit weer gedoen kan word!

Aan die Pukke: Daar is geen geleentheid in die lewe van 'n student waar sy trou en lojaliteit teenoor sy Alma Mater sterker na vore tree as met Intervarsity nie. Sterkte, mooi loop en geniet dit!

Aan die sportmante op wie se skouers die prestige van meer as 3,000 studente more rus: Sterkte en mag die beste span wen!

Studenteverhoudinge

DIE MISLUKKING van die Rhodeskonferensie (sien berig elders) het die hele aanleentheid van samewerking tussen Afrikaanse en Engelse studente weer sterk na vore gebring.

Talle beskuldiging is teen die Afrikaner se „weiering om saam te werk" geslinger. Feitelike regstellings van hierdie beskuldiging is futiel, want die kernvraag bly steeds dié na die beginselstandpunt van die Afrikaanse en Engelse student.

Nou glo ons dat die standpunt wat mnr. Hennie van der Walt gestel het (en waaroor Varsity skynbaar so bekommerd is) die antwoord op hierdie beskuldiging bied — mits natuurlik dit reg verstaan en vertolk word.

DWANGBUIS

Dit is doodnatuurlik dat die student as denkende wese meer as die man op die straat begaan sal wees oor die kloof tussen die twee taalgroepe, oor samewerking, skakeling en die dinge wat uiteenlopend van aard is.

Die wortel van die probleem is steeds dat die Afrikaner en Engelsman op botsende uitgangspunte staan. Die Afrikaner ruim in sy lewensbeskouing — kragtens sy geloofsoortuiging, sy aard en opvoeding — geen plek in vir 'n kosmopolities-liberale mengelmoe van mense en volke wat kunsmatig in 'n dwangbuis ter wille van „heerlike samewerking" geper is nie.

Dit kan die Engelsprekende — meer in besonder die ekstremistiese Engelse studenteleier — nie verstaan nie. Die Afrikaner wil dat net soos hyself, die Engelse, Bantoe, Kleurling en Indiër studente-

groepe primêr aan hul aard en identiteit getrou sal bly en dat skakeling dan sal plaasvind met behoorlike inagneming van mekaar se teer eiendomme en belange.

ISOLASIE

Die beskuldiging dat die Afrikaner hiermee in isolasionisme vervel en blind is vir Afrika van ons tyd, getuig van 'n gruwelike onvermoë om die Afrikaner se lewensbeskouing te begryp.

Dit is ongetwyfeld een van ons grootste verantwoordelikhede dat die twee blanke taalgroepe nader aan mekaar gebring sal word. Wat studenteverhoudinge betref, glo ons dat die ou meulsteun om die nek van konferensies — die nie-blanke aan gemengde konstellasies — eersdaags versuip sal kan word. Dat die Engelstalige Studenterrade nog hieraan vaskleef, is slegs jammerenswaardig.

Inmiddels sal die klimaat vir skakeling en samewerking egter gunstiger word indien die Engelstalige student 'n egte Suid-Afrikanisme aankweek. Hierdie gevolgtrekking word gemaak veral op grond van die wyse waarop en kontakte met wie Nusas skakel. Hierdie kontakte is uitsluitlik beperk tot instansies wat die Republiek van Suid-Afrika uitgesproke vyandiggesind is.

AFKEUR

Hierdie wyse van optrede van Nusas is met een afkeurenswaardig — mens kan maar net herinner aan die veldtog wat die liggaam onder die holruggeryde internasionalistiese kreet van menseregte teen die Regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling gevoer het en nog steeds voer. (Of is dit dalk 'n kwessie van suur druïwe: nou dat die stryd op (Vervolg in volgende kolom)

In A Lig

DIE BYBEL is teenstrydig! Lees maar self Spr. 26:4-5. En dit so vlak bymekaar! Ag ja, sê Paulus dan nie ook dat ons deur die geloof geregverdig word, en Jakobus: deur die werke alleen! Ons word opgeroep om ons eie heil uit te werk terwyl ons tog weet dat God voor die grondlegging van die wêreld uitverkies het! En voeg maar by . . . want daar is talle sodanige voorbeelde.

Wat moet ons nou van hierdie dinge sê?

Allereers dit, en dit vorm terselfdertyd ook ons uitgangspunt: die Bybel is die Woord van God en as sodanig is dit onfeilbaar. Dit is dus 'n valse probleemstelling om selfs die vraag te stel of daar teenstrydighede in die Heilige Skrif is. Dis 'n onmoontlikheid! Ons haas ons om te sê: dis dwaasheid, sotheid . . . om so iets te beweer!

So iemand is nie 'n antwoord waardig nie! Laat ons egter nugter wees: daar is skynbare teenstrydighede in die Heilige Skrif . . . maar hoeveel van hulle is nie al in die verlede opgeklare nie! Ons wag dus altyd om meer lig. Daarbenewens is dit ook goed om weer 'n keer daaraan herinner te word dat ons hier nooit alles ten volle kan deurgrond nie; dit bly maar stukwerk. Eers hierna sal ons alles ten volle begryp.

Dit is waar, daar is Skrifgegewens wat die mens nooit met sy verstand sal begryp nie, nog minder deurvors nie — Goddelike Drie-eenheid, Christus se twee nature, Goddelike uitverkiesing en menslike verantwoordelikheid. Dit is vir die verstand onrymbaar en alleen in die geloof aanvaarbaar. Dit is skynbare paradokse. En tog, daar is ook skynbare teenstrydighede wat op 'n ander vlak lê, soos in verband met twee verse. Hulle kan ons wel verklaar na noukeurige ondersoek . . .

WELDEURDAG

En nou wat die Spreukedigter sê. Iemand het hieromtrent die volgende sprekende en weldeurdagte beeld gebruik: as ek sê: „Gee die sieke genoegsaam om te eet, sodat hy gou kan aansterk, en: „Gee die sieke weinig te ete, sodat sy maag nie nog meer verswak nie,” is dit nou 'n teenstrydigheid?

(Vervolg van vorige kolom)

eie bodem verloor word, word dit op internasionale platform voortgesit?)

Maar met die oog op die toekoms van Suid-Afrika, gedagtig aan die groot gevare van binne en van buite ons grense en met die oog op ons taak ook ten opsigte van die nie-blanke kan ons nie bekostig om in 'n vergiftende gesindheid wat aan permanente koue oorlog grens, teenoor mekaar te staan nie.

Doringdraadheining moet tussen mekaar verwyder word. 'n Venynige Engelse pers — helaas ook studente — moet verower word tot 'n ander insig en 'n ander gesindheid. Aksenté word in hierdie pers verkeerd gelê, dele wat hom pas, word uit verband geruk en leidende Afrikaanssprekende studenteleiers word onheilige motiewe toegeskryf, wat slegs agterdog saai en verwydering wek.

GEDAGTEWÊRELD

Dit is ons dwingende taak dat ons die gedagtewêreld van die Afrikaner by die Engelssprekendes sal tuisbring. Hulle lewe te veel in waterdigte kompartemente wat hierdie saak aanbetref met allerlei duistere vermoedens wat ongesonde agterdog wek en 'n gevoel van vereensaming en frustrasie te weeg bring, veral noudat die R.S.A. 'n werklikheid geword het en die son van die eertydse glorieryke Britse Ryk oor S.A. (Vervolg op bladsy 5)

In die een geval gaan dit tog oor 'n sieke, wel swak en afgemat, maar met 'n gesonde maag; in die ander geval gaan dit oor 'n maagpasiënt. Dit is dus twee heeltemal verskillende situasies, soos tewens ook die geval in ons oorpeinsingsverse. Daar is omstandighede waarin die dwaas nie na sy sotheid geantwoord moet word

SPREUKE 26 : 4-5:

Antwoord 'n dwaas nie na sy sotheid nie, sodat jy ook nie net soos hy word nie.

Antwoord 'n dwaas na sy sotheid, sodat hy nie wys is in sy oë nie.

nie, sodat mens nie aan hom gelyk word nie; wie ewe sorgsaam ingaan op allerlei dwaashede, is self dwaas, omdat hy op dieselfde vlak gaan staan waar die dwaas hom so gebiedend en outoritêr voel. So iemand is nie 'n antwoord waardig nie!

WYSE SWYE

Dit is die swye van die wyse. En hoe ontdekkend en beskamend kan so 'n swye soms nie wees nie! Maar daar is ook 'n tweede metode om die dwaas die mond te stop en dit is om hom na sy dwaasheid te antwoord; op humoristiese wyse kan die dwaasheid nog vergroot word, bv. soos tiperend deur iemand opgemerk as iemand vra: „Kan ek met 'n ligte pak die begrafnis bywoon? — antwoord dan: „Dit is nog te veel kleding; ek sou maar 'n baaipak aantrek!”

So kan die dwaasheid en nuttelosheid van alle sothede aangetoon word deur hardnekkig te swyg of deur die geval nog dwaser voor te doen. Die apostel Paulus roep ons dan ook toe:

„En die dwase en onverstandige strydvrae moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek” — Tim. 2 : 23); want:

„ . . . die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.” (Jak. 3 : 17).

SOTTE ORALS

En die sotte . . . hulle vind mens orals . . . ook in ons studentelewe. Daarom moet ons juis in hierdie atmosfeer van wysheid en hoë geleerdheid fynproewers wees om te antwoord en te swyg op die regte tyd en wyse. Veral die tyd wat ons nou binnetree: die spanningvolle eksamentyd wanneer almal min of meer opgewen is en wanneer 'n verkeerde antwoord, en op die verkeerde tyd daarby, so 'n lastige situasie kan skep. Hoe nodig is dit nie om, ja, met byna verbluffende kraginspanning, ook soms te swyg nie!

NOUKEURIG

Nee, daar is geen teenstrydighede in die Heilige Skrif nie; ons moet maar net meer noukeurig en aandagtig lees! Hy wat beweer dat daar teenstrydighede in die Heilige Skrif is, is 'n sot . . . en nie 'n antwoord werd nie!

Let maar op ons groot profeet. Hy wat die ware Wysheid is . . . Jesus Christus, onse Here. Hoe grondig kon Hy nie die dwase skrifgeleerdes die mond stop nie! En tog:

„ . . . Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie. — (Jes. 53 : 7).

J. H. VAN WYK

Konferensie aan Rhodes Val Deur Die Mat

DIE MISLUKKING VAN die konferensie van Studenterade wat aan die Universiteit Rhodes op 3 en 4 Augustus sou plaasvind, het in verskeie Engelstalige studentekoerante gelei tot heftige aanvalle op die Afrikaanse Universiteite.

Die voorsitters en ondervoorsitters van Studenterade is uitgenooi en in di hulle nie die konferensie kon bywoon nie, kon plaasvervangers gestuur word. Sake soos die opvatting van vryheid, die rol van die student in die politiek en ander algemene en beginselsake het op die sakelys voorgekom.

TEN GUNSTE VAN

Die Potchefstroomse Universiteit het hom in beginsel ten gunste van die konferensie uitgespreek, maar wou die versekering hê dat sy grondslag van verteenwoordiging eerbiedig sou word. Die Studenteraad het naamlik (ooreenkomstig sy kontakbeleid) besluit dat slegs blankes in die geval van die gemengde inrigtings die konferensie mag bywoon.

Aan Rhodes is die volgende gerig: „Ons sal alleen die konferensie kan by woon indien slegs die voorsitter en/of ondervoorsitter (een of albei) van die onderskeie Studenterade die konferensie kan bywoon. Indien waarnemers gestuur word, moet dit alleenlik blankes wees sower dit die gemengde inrigtings raak.”

Aangesien hierdie versekering nie aan die P.U. vir C.H.O. gelewer kon word nie, het die Studenteraad geen moeite gedoen om dit by te woon nie.

SWAK MANIERE

’n Voorbladberig in Wits Student van 11 deser lui dat die Afrikaanse Universiteite andermaal (in die woorde van mnre. Clive Rosendorff en Martin Bobrow) bewys gelewer het van „extremely bad manners and a deplorable lack of any interest in promoting co-operation between the English- and Afrikaans-speaking students.”

Die berig vervolg dat hierdie mislukking die hoogtepunt is van onvriendelike en onkoöperatiewe gedrag wat alle pogings in die verlede gekenmerk het om vriendskaplike verhoudinge tussen die twee taalgroepe tot stand te bring. Die Pietermaritzburgse koerant, Nux, verklaar in ’n hoofartikel dat die onttrekking deur drie van die Afrikaanse Universiteite op die laaste oomblik van die konferensie die uitkristallisering is van ’n isolasionistiese tendens van die Afrikaanse universiteite.

„Hierdie gedragswyse laat ’n mens dink dat hulle gehandel het op instruksies van ’n hoër bron.” (Word die A.S.B. dalk bedoel?—Red.)

Die geskiedenis van die samewer-

king met hierdie universiteite was nog altyd vrugtelos. Die grootste struikelblok het nog altyd geblyk te wees die noue verband tussen die Regeringsbeleid en die van die Studenterade.

NUTTELOOS

Die blad vervolg dat talle persone al die nuttelosheid om met Afrikaanse universiteite saam te werk beklemtoon het. Die jongste gebeure is dan ’n bevestiging daarvan. Nogtans, meen die skrywer, is die tragedie van hierdie land dat die Afrikaanse universiteite nie die werklikhede van Afrika van die twintigste eeu kan insien nie. As hulle dit nie kan doen nie, is dit seker dat hulle vernietig sal word saam met die „evil and sterile philosophy that is racialism”.

Varsity van Kaapstad verleen groot prominensie aan ’n onderhoud wat een van sy verslaggewers met mnre. Hennie van der Walt tydens die A.S.B.-kongres gevoer het. Hiervolgens sou mnre. Van der Walt verklaar het dat die uiteenlopende standpunte en uitgangspunte van die Afrikaanse en Engelse studente samewerking tussen die twee onmoontlik maak.

Hierdie stelling van mnre. Van der Walt word dan in die hoofartikel as „particularly disturbing” beskryf.

ONDERMYN

Die skrywer vervolg dat hy nie anders kan as om te glo dat die Afrikaanse universiteite en die A.S.B. alles in hulle vermoë doen om samewerking tussen Nusas en die A.S.B. en tussen alle universiteite in hierdie land te ondermyn nie.

Die artikel lui voorts dat dit op die Nusas-kongres duidelik geword het dat die Engelssprekende student met die Afrikaner wil saamwerk. „Waarom het die Afrikaanse universiteite nog nie met so ’n poging na vore gekom nie?”

„Eintlik word dit vir ons duidelik dat die Afrikaanse universiteite nie met ons wil saamwerk nie. Individuele studente wil miskien—maar die Studenterade en die A.S.B. sal nie. Hulle sal „fight to the end”. Ons sal in elke geval nie die moeite doen om terug te veg nie.”

INTERVARSITY VIER SY MONDIGWORDING

INTERVARSITY vier môre sy mondigwording. Dit is naamlik die een-en-twintigste kragmeting tussen die sportmanne van die Puk en U.O.V.S.

Die Kowsies het tot dusver der tien botsings en die Pukke sewe gebuit.

Wen die Kowsies more sal hulle vir die eerste keer in die geskiedenis van die reeks ’n vyfkuns behaal. Hulle het reeds driekeer die driekuns behaal en die Pukke slegs eenkeer.

Die intervarsity-statistiek sien soos volg daaruit:

Jaartal	U.O.V.S.	Puk
1927	6	4
1938	8	11
1943	8	6
1944	11	3
1945	3	4
1946	10	5
1947	7	6
1948	20	6

Puk en Wits Wen Debat

Die Pukke wat op Vrydag-aand, 18 Augustus, in Pretoria saam met Wits aan ’n vierhoekige debat teen Tukies en Pietermaritzburg opgetree het, het die beste daarvan afgekom.

Mnre. Dirk Herbst en Paul Kruger wat namens die Pukke gepraat het, het gestel dat demokrasie in die huidige Westerse wêreld nie uitgedien is nie. Die Witsies wat saam met hulle gepraat het, was mnre. A. Oakman en M. Cooper.

Die Tukies wat opgetree het was mnre. Hennie Pieterse en mej. Dora van der Merwe terwyl Pietermaritzburg verteenwoordig is deur mnre. John Lloyd en Neels Coetzee.

Students’ Quarterly Dien Belangrike Doel

DIE EERSTE PUBLIKASIE van die departement publikasies en Afrika-aangeleenthede van die A.S.B.-Hoofbestuur het pas voor die jongste kongres verskyn.

Die blad heet „Students’ Quarterly” en is versorg deur mnre. André Groenewald, vorige direkteur van die departement.

Die blad dien as amptelike mondstuk van die A.S.B. in die buiteland en verskyn kwartaalliks. Die eerste oplaag het 3,000 beloop.

WYD VERSPREI

Dit is gestuur aan alle oorsese studenteblaaie en aan individuele persone met wie die A.S.B. reeds betrekkinge aangeknoop het.

In die eerste uitgawe is die doelstellings van die A.S.B. kortliks bekend gestel en verder is dit gewy aan die rasgevraagstuk omdat buitelandse studente by uitstek hierin belangstel.

Daar verskyn ’n artikel deur prof.

J. P. Bruwer oor die agtergrond van die rasseprobleem waarin hy die breë trekke van die beleid van afsonderlike ontwikkeling skets.

NATUURWET

Verder is daar ’n artikel met die opskrif „Apartheid is in harmony with natural laws” deur prof. Hofmeyer, hoof van die departement Genetika aan die U.P. Hierin ondersoek hy differensiële ontwikkeling as ’n natuurwet en kom tot interessante gevolgtrekkings.

In ander artikels word gewys op die praktiese toepassing van afsonderlike ontwikkeling. Ook word aandag geskenk aan die vele maatskaplike dienste ter opheffing van die Bantoe.

INTERVARSITY OP MATIES WORD BEDREIG

HOEWEL die Universiteit van Kaapstad sedert sy stigting nog altyd op ’n grondslag van sosiale segregasie gefundeer het, is daar baie studente wat hierteen in opstand kom en dit sal nie meer lank wees nie dan sal nie-blanke studente toegang tot enige klub, vereniging of funksie van die Universiteit hê. Dan sal Intervarsity teen Stellenbosch ook in die gedrang kom want die sportklubs sal oop wees vir alle studente.

Hierdie dreigement is op Maandagaand, 31 Julie tydens ’n gesamentlike vergadering van die Studenterade van Kaapstad en Stellenbosch te Kaapstad, deur ’n lid van die Studenteraad van Ikeys geuiter.

Stellenbosch het hierdie dreigement met groot heftigheid verwerp en mnre. Pieter Kapp het in sy antwoord verklaar dat hy nie anders kan as om die gesindheid wat hieruit spreek, te betreur nie.

BELEDIG

Dit is duidelik, het hy verklaar dat hier ’n poging is om Stellenbosch te beledig. Indien Ikeys tot so ’n stap sou oorgaan, sou Stellenbosch geen oomblik aarsel om Intervarsity te beëindig nie want, hoewel Intervarsity iets moois is waarop Stellenbosch nog altyd trots was, staan die Studenteraad sterk in sy beleid.

Hierdie gesamentlike vergadering het, in teenstelling met die mislukte vergadering van verlede jaar toe Kaapstad nie wou ver-

gader as gevolg van ’n afgestelde debat nie, heeltemal bedaard afgeloop en omdat daar geen nie-blankes was nie, het die vergadering enduit volgehou sonder beleidskrisisse.

Die grootste gedeelte van die aand is gewy aan ’n bespreking van die botsende inter-universitêre beleid en die plek van nie-blankes aan die blanke universiteite.

Dit was opvallend dat al die vroeë feitlik deur Kaapstad gestel is en dat hulle, ten spyte van lang verduidelikings, nog nie Stellenbosch se standpunt kon of wou begryp nie.

DISSIPLINE

Daar is ook aandag gewy aan die kwessie van studente-dissipline en Kaapstad het hulle ontevredenheid

te kenne gegee met die wangedrag van Stellenbosch-studente tydens die vlotbouery by Ikeys. Hierdie gebeure is deur Stellenbosch betreur.

BOTSEND

In ’n toespraak tydens die vergadering het mnre. Kapp verklaar dat dit tragies is dat die nie-blanke altyd ’n struikelblok tussen blankes moet wees. Oor die waarde van hierdie samesprekings is hy nie optimisties nie en het o.a. verklaar dat samewerking op inter-universitêre vlak nie moontlik sal wees op die losse basis van studentwees nie, maar dat enige inter-universitêre liggaam wat werklik van betekenis wil wees, gegrond moet wees op ’n besondere lewens- en wêreldbeskouing.

Probeer ons eerste vir

AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTE EN ANDER BENODIGDHEDE

OPEN ’N REKENING BY

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes

KERKSTRAAT 159

TELEFOON 3458

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92

TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

Rokmateriaal --

veral roklengtes

NOMOTTA-WOL

in voorraad

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS (EDMS.) BPK.

Vir Vinnige en Deeglike Diens Tomstraat 90 Telefoon 2237

Hans se (Onvoltooide) Boodskap aan die Pukke

HARTLIK GEGROET, MEDE-PUKKE,

Soos dit nog altyd moes gewees het—so is dit vanjaar! Vir die afgelope 25 singsongs-aande was die Studentesaal kant en wal gepak met Pukke wat sing op die top van hulle stemme.

Nog nooit het die geesdrif vir Intervarsity so hoog geloop soos vanjaar nie. Dit is beslis nie soos in Kowsieland waar hulle maar eers 'n week-en-'n-half voor Intervarsity met rasies en skreeutjies begin het nie.

Dit het nog nooit gebeur dat alle Pukke hulle so deeglik voorberei op die groot dag nie! Mooi so, Pukke!

101 PERSENT

En die eerstespan is 101 persent slag gereed vir die Kowsiespan, wat helaas vanjaar nie weer 'n Vrystaanspan is nie.

Só was die gees dan ook toe die Puk laas Intervarsity gewen het.

Dit alles voorspel niks goeds vir die Oukies nie. Die Pukke wag naartogtig op Saterdag, 26 Augustus 1961 om die Oukies 'n loesing toe te dien wat hulle nooit sal vergeet nie. Teen hierdie tyd staan dit soos 'n rugbypaal bo 'n grasveld dat die katte se tande te stomp is vir die Pukke.

● Kowsies, ek wil julle waarsku: Ons is reg vir julle! Op Olënpark wag ons vir julle!

SEWIE KRÓKSJIE

As die redakteur my nie gesê het nie, sou ek nie eens ou Sewie Króksjie se mamparra-naampie hier genoem het nie.

Ek het die arme „clown” se boodskap in die jongste „Kows-wara” gelees, en gelag. Almal wat dit lees, lag. So 'n berig sou nooit in Die Wapad geplaas gewees het nie—daarvoor is dit te amateuragtig!

Van Sewessie word dinge verwag waarvoor hy totaal onbekwaam is. En bowendien speel sy geheue hom vreeslik parte. As hy die Intervarsity oorleef sonder om 'n senuwee-ineenstorting te kry, is hy nogal goed.

Maar ek sal die arme drommel ook nie kwalik neem nie, want om 'n nederlaag op die veld te ly, is al swaar genoeg—wat staan nog op die pawiljoen.

Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie . . . spreek dan

EDDIE de BEER

DIAMANTSLYPER

vir u

VERLOOFFRINGE

teen baie billike pryse
U soek die diamant en ons set hom na u smaak

BEL: Tannie de Beer (De Klerk-huis) 2226, Potchefstroom OF

E. J. de Beer: 869-1260, Alberton

DONKER WOLK

Ek is bly dat ek die Pukke op die pawiljoen moet lei en nie die Kowsies nie, want om diegene te laat sing wat onder die swart wolk van 'n nederlaag verkeer, is nie 'n maklike taak nie.

● Kowsies, julle is welkom in Potchefstroom om gebruik te maak van ons gasvryheid en sportmansgees. Mag julle die dag terdeë geniet, en as julle die aand met 'n swaar hart afskeid neem, onthou maar dat ons mekaar weer volgende jaar sien.

HANS VAN ZYL,
Dirigent.

Toe Hans van Zyl Dinsdagoggend geskaak is, was hierdie boodskap nog nie voltooi nie. Die aantekeninge wat hy gemaak het voordat hy die finale boodskap aan Die Wapad sou skryf, is in sy boeketas uitge-snuffel.

Baie van die aantekeninge, sinne en woorde was onvertaanbaar—sodat dit weggelaat moes word.—(Red., D.W.)

Ewie Cronje Vol Vertroue vir Saterdag

HALLO PUKKIES,

Ons stoomrollermasjiene is geghries en ge-olie om julle Saterdag julle vyfde agtereenvolgende nederlaag toe te dien. „Hard lines” vir julle, hoor!

Ek is tog bly julle durf ons weer aan, want ek voel julle sal oor 'n paar jaar goeie ondervinding van ons Intervarsities hê. Julle moet hard probeer; deskundiges sê mos dat 'n mislukking bewys dat daar darem 'n poging aange-wend is.



Ewie Cronje.



WARE SPORTMAN IS OOK EDELMAN

DIE SPORTMAN WAT GLO dat alle normale sosiale lewe en vermaak weggedoen moet word ten gunste van strawwe en veeleisende oefening, is 'n man ontdaan van verbeelding en behoorlike begrip van die waarde van sport.

'n Kleurlose Spartaanse lewe, waarin alle ander belange geoffer word ten gunste van 'n enkele ideaal, is nie te bedink vir 'n sportman wat fisiese en geestelike fiksheid ten doel stel nie.

Algemene fiksheid word as halfweg gestel tussen goeie gesondheid en hoë sportprestasies. Dit is 'n goedgebalanseerde kombinasie van sowel die liggaamlike as geestelike komponente. 'n Ware sportman is inderdaad 'n gebalanseerde mens.

ASPOESTERTJIE

Sielkundig is die feit nie te onder-

Frik beweert: Pine gooi I.O.U.'s in die kerk

AAN ALLE PUKKE WENS ek 'n heerlike Intervarsity toe. Ongelukkig kan ons nie almal wenspanne op die veld stoot nie, maar ons hoop dat dit nie die Kowsies sal afsit om saam met ons te lag en te sing nie.

Teenoor my op die pawiljoen sal 'n javel genaamd Pine Pienaar wees. Aan hom ook voorspoed, hoewel, as hy 'n perd was, sou die wedpryse op hom 66 teen een gewees het.

Hy sal egter wel 'n plek behaal in die wedstryd—al sal dit egter slegs 'n tweedeplek wees. Verder sal hy 'n baie lekker Intervarsity hê, want hy sal slegs hoef te luister.

MUIS SE PIEP

Ons vriend Pine sal egter wens hy kan voor so 'n klomp studente staan wat so lekker sing as ek. Selfs 'n muis sal sy bors uitstoot as hy die Kowsies hoor piep.

By U.O.V.S. kies hulle glo die dirigent volgens die ou se gesig. Nou nie die mooiste gesig nie, maar die gesig wat die massa die meeste laat lag. Vanjaar het Pine dit reggekry om die mense hulle self te laat brek—en dit sonder om sy gesig te vertrek.

Sy ondervinding van takkie-swaai dateer uit die dae toe hy nog self aan takkies geswaai het. Hy is ook so skraal dat hy modderwater moet drink om 'n skaduwee te gooi.


DIERASIE-LEIER

Al wat my nog hinder, is of Pine onder-'n-rasieleier is of 'n onderdierasie-leier. Boonop kan sy ore nie verlief wees op mekaar nie, want daar is niks tussen hulle nie.

Hy is glo vreeslik suinig en om dat hy nog nooit 'n knoop soos 'n siksens kon laat klink het nie, gooi hy nou maar koevertjies in die kollektebordjie by die kerk. Daar is egter nie geld in nie, maar I.O.U.'s.

● Pukke, kom ons ruk Saterdag in ons duisende op en sing soos die Norman Luboff-koor. Die Alabama sal Montovani na amateurs laat lyk.

FRIK VAN DEVENTER,
Onderdirigent.



Pine Pienaar.

WARE SPORTMAN

Dit is dan in hoofsaak die eenskappe van 'n ware sportman, dié sportmanne en -vroue wat ons vanjaar weer gaan sien met Intervarsity.

● En dit gaan ook die gees van ons Intervarsity wees. 'n Ware sportman is 'n edelman.

In die kragmetings waar dit uitgeveg moet word, daarin eis u Alma Mater van u u laaste bietjie energie—gee dit!

Ongeag die uitslae egter, gun uself en u teenstanders 'n Intervarsity om te onthou en laat dit bo alles wees: Soli Deo Gloria.

● Langs hierdie weg ook 'n woord van hartlike dank aan die S.S.B. en die Intervarsityreëlingskomitee wat soveel bygedra het om die organisasie te vergemaklik. 'n Hartlike dankie ook aan Johann Smit van U.O.V.S. wat die reëlings op U.O.V.S. foutloos laat verloop het. Baie dankie.

KOTIE DE JAGER,
Voorsitter, S.S.B.

Pine Pienaar droom snaakse drome en sien gesigte

EK DROOM VERLEDE nag dit was weer Intervarsity . . . dit was weer Potch. — en dit was al. In elke geval, ek droom toe ek skaam my dood vir die Potch.-klomp.

Anderkant gekom lyk dit alteveel na Potchefstroom. „Wêreld,” merk ek op, „dit lyk nes Potch. in die hemel.”

„Moet nie 'n fout begaan nie,” merk iemand op, „dis nie die hemel hierdie nie.”

WARM ONTVANGS

Nouja, Pukkies, ons hoop op 'n warm ontvangs en geen verrassing vir julle nie — ons gaan tog weer wen!

Aan my vriendjie Frikkie van Deventer: kry solank vir ons 'n „paw-paw” — Saterdag spoeg ons mekaar met die pitte.

Moet net nie julle koppe nou al laat hang nie. Saterdag sal julle wilskrag en kougom nodig hê om hulle bo te hou.

Hoe sê die spreekwoord? — Sien is glo, maar voel is die waarheid!

● Sterkte tot Intervarsity!

PINE PIENAAR,
Onder-rasieleier.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG” . . .

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN” . . .

Besoek

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei

★ WYNsoORTE, BIER en STERKDRANK

★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP
TAMATIESAP en KOEJAWELSAP in bottels en blikkies

Posbus 171—Kerkstraat 122

Tel. Nrs.: 12 & 2582

Ek is net baie bly ek staan nie Saterdag voor julle nie—veral nou dat julle nog 'n paar nuwe klaagliedere bygekry het nie. Nou sal julle seker éers sing soos 'n paar brommers wat verkoue het.

MAAN TOE

Dan wil ek hê julle moet 'n paar rotse op daardie pawiljoentjie van julle se dak sit, want as ons eers begin raas en sing, sal ons hom sommer ligvoets maan toe stuur (d.w.s. as hy nie reeds inmekaar getuimel het nie).

Dag sê, ou Hansie. Ek is voorwaar verheug om te verneem dat jy vanjaar die „chief clown” en „public stooge” van die ou seksie is.

Dit lyk my jy het ook net een spotprent van jouself wat in elke uitgawe van julle „voetpaadjie” verskyn. Ek sien jy dink ook dat Pine en die „koning” somer amateurs is. Ou witkoppie, ons is nou wel nie „professionals” nie, maar dit sal vir ons 'n plesier wees om julle daardie dag somer gratis op te dons.

HANDE UITRUK

Die Pukmanne het my ook laat weet dat jy in die afgelope tyd al net wil hande uitruk. Hulle sê jy raak uiters stuitig en bowendien ook te groot vir jou doeke.

Nou wil ek net graag die boompie buig terwyl hy nog jonk is, m.a.w. in jou vormingsjare. Kyk, my kleintjie, ek het melding gemaak van jou „foolskap” oor 1,500 Pukkies op Potjiesdroom en al jou ander drome en selfs die „fools' paradise” waarin jy verkeer, maar onthou net dat ek deur die manne van die U.V. versoek is om jou Saterdag so ligweg wakker te skud uit jou beswying.

● Pukkies, laat ons vanjaar se Intervarsity terdeë geniet en die Kowsie-oorwinning vier met 'n lekker ou bokjol wat julle vir ons gaan reël!

Tot die groot dag, groet ek julle, en „dis lekker hier by die see”.

JULIE BAAS—EWIE,

Vooruitsigte vir More

RUGBY

Hoewel die soeklig tydens hierdie Intervarsity soos gewoonlik op die botsing tussen die eerstepan van die twee inrigtings sal wees, maak ook die ander botsings op die rugbyveld 'n belangrike deel van Intervarsity uit.

Interessante ngs word anb Interessante botsings word dan ook in die vooruitsig gestel. Ongelukkig moes die program gewysig word en word slegs die wedstryde tussen die eerste en tweede spanne op die Olën-park beslis, dog al wat Puk is sal seker na die nuwe „Stadion“ stroom om die botsing tussen die onder negentienjarige te sien.

Navy

Die Kovsies beskik oor 'n gedugte span en sal probeer om verlede jaar se oorwinning, wat maar naelskraap was, te herhaal. Die voor- spelers is lig dog besonder



Hannes Sauerman, Navy se heelagter.

beweeglik terwyl die agterlyn goed verdedig en lekker gaate kan slaan.

McDonald en sy „vloot“ is ook 'n gedugte span en verskeie spelers het dan ook al vir die eerste span diens gedoen. Dit wil voorkom asof die span wat die stryd om die los bal wen, hier die pyp kan rook.



Nic Swart, een van Navy se flanke.

Fires

Die „Fires“ van die Puk is natuurlik 'n omgekrapte span en die span op die Puk wat die lekkerste rugby speel.

Die gees van hierdie manne is reg en hulle speel aantreklike rugby. Tiens Lindehoff en manne soos Tamatie Boshoff, Herman Steyn en Piet van der Bank kan dalk die Kovsies se sakies vir hulle omkrap.

Die Kovsies beskik natuurlik ook

oor 'n puik span wat boonop die afgelope vakansie 'n geslaagde toer onderneem het en die Pukke sal hul keer moet ken teen hierdie manne.

O/19

'n Aanskoulike botsing word dan ook hier in die vooruitsig gestel. Die U.V. beskik glo oor 'n beter span as verlede jaar en vier van hul spelers het dan ook vanjaar vir die Vrystaat op die veld gedraf.

Die voorspelers is lig dog beweeglik en jag lekker saam na los balle, terwyl die agterlyn weet wat om met die bal te maak as hulle dit kry.

WAPEN

Die Pukke se vernaamste wapen is seker hul voorhoede met manne soos Koos du Plessis, Barnard en M. Postma, en die Kovsies sal goed moet wees om hulle te tem.

Kobie van der Walt (katein) is 'n moeilike mannetjie terwyl heelagter De Villiers se skopwerk pale toe in die jongste tyd uit dit boonste rakke is. Dil wil dus voorkom asof die byle hier gaan huil.

Tekkies

Ook hierdie botsing behoort mooi rugby op te lewer en dit kan net wees dat die Pukke hier die pyp rook.

Landloop

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die botsings tussen die Puk en U.O.V.S. vind daar vanjaar 'n landloop-botsing plaas.

Die Pukke het sulke belowende manne soos Jurg van der Walt, Tom Lotz en Louis Viljoen, bygestaan



Jurg van der Walt, die man met die lang asem.

deur D. Donald, H. Meintjies en J. le Roux en tensy U.O.V.S. met iets besonders voor die dag kom, behoort die Pukke hie die louere weg te dra.

KORFBAL

Kovsies Kan Verras

Ongelukkig is die posisie so dat daar in die Vrystaat nie korfbal gespeel word nie maar netbal.

Hierdie toedrag van sake doen ietwat afbreek aan die interessantheid van die ontmoeting tussen die twee spanne, dog in 1959 het die span van die Vrystaat vir 'n eersterange verrassing gesorg toe hulle die Pukke op eie werf in hul eie spel geklop het.

Die Kovsies is vasberade om dit weer te doen en die Pukke sal nie hierdie vasberade Vrystaters kan onderskat nie.

Skaak

Die U.V. beskik oor 'n sterk span wat op die A.S.B.-kongres in die individuele kompetisie skoonskip gemaak het en tweede na Stellenbosch in die spankompetisie geëindig het.

Johan Koen en sy manne sal dus hul spel moet ken teen hierdie omgekrapte manne van kat-faam.

PUKKE KAN TENNIS WEN

Die botsing op die tennisbane vind al vanaf 1.15 nm. op Vrydagmiddag plaas en puik tennis word in die vooruitsig gestel.

Die Vrystaters met manne soos Ewie Cronje, wat al die Vrystaat verteenwoordig het, David Gray en die bekende Bennie van Niekerk (en hy



Dawie du Plessis, 'n veteraan tennisspeler.

is nog boonop 'n bokser van formaat) is vasberade om hul oorwinning van verlede jaar te herhaal.

VERSIGTIG

Hulle sal egter in hul pasoppens moet wees vir manne soos die bekende Dawie du Plessis, Jackie Brevis, Eddie de Jager, Wynand Putter e.a.

'n Kenmerk van die Pukspan is die groot aantal belowende spelers wat rakette sal swaai en wat dalk die skaal



Alta de Kock, 'n staatmaker van die tennisspan.

in die guns van die Pukke kan laat swaai.

In die damesafdeling wil dit voorkom asof die Pukke dalk net te sterk sal wees vir hul teenstanders.

Manshokkie

Hier moet U.O.V.S. beslis as die gunsteling gereken word met hul twee Protea-spelers in H. Klopper en G. Viljoen.

Ander uitblinkers is Hans Arndt en D. Meiring. Teen die besoekende

Swallows het die span van die Kovsies stewige teenstand gebied.

VASBERADE

Die Pukke is egter vasberade om die neerlaag van verlede jaar te wreek en die Pukke is almal lekker fiks en sien uit na die botsing. Manne soos Christie Coetzee, Hessel Dykstra, Bossie Snyman en Herman Louw en ook die ander manne sal hul stemme deeglik laat hoor.

TWEEDESPAN

Die tweedespan van die Puk is vanjaar besonder sterk en dit lyk asof hul mes in het vir die manne van Bloemfontein.

● Dog bo alles sal daar seker puik hokkie gelewer word en die Pukke en Kovsies kan gerus maar hul skrede na die hokkievelde wend as hulle niks anders het om te doen nie.

Tafeltennis

Ook hier het die Pukke 'n rekening om te vereffen (dit wil mos voorkom asof die Pukke verlede jaar in Bloemfontein aan die kortste ent getrek het) en die Pukke se kaptein, Faan Oosthuizen, voorspel 'n harde dog aangename en aanskoulike botsing Vrydagaand in die Studentesaal.

Verder sê hy: „Intervarsity word gespeel om te wen, dog wie ook al wen, laat ons alle wedstryde speel in 'n goeie gees wat pas by so 'n groot spel.“

● Ongelukkig besit ons geen aanduiding van die sterkte van die Kovsies nie.

Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL

KERKSTRAAT 85

ENIGSTE

VERSKAFFER

VAN

OFFISIËLE KLEURE

Pukdames die Gunsteling

Hier is die Pukdames beslis die gunsteling om die botsing te wen



Albertha Howell, die Pukke se hokkiekapteine.

gesien in die lig van hul oorwinning van 5-0 oor die Kovsies gedurende die onlangse hokkietoernooi te Grahamstad.

Die dameshokkiespan is een van die sterkstes van al die universiteite en het dan ook die afgelope twee seisoene baie roem vir die Puk verwerf.

Hulle moet net nie op hul louere rus en reken die wedstryd is al klaar op Grahamstad beslis nie.

REBA KAFEE

NOU ONDER NUWE BESTUUR (Vosloo en Croucamp)

Is u dors?

Koeldrank is die ding wat help!

Besoek ons vir:

★ BETER DIENS

Asook

★ SIGARETTE

★ LEKKERS

★ VLEISPASTEITJIES

Ons spesialiseer in alle Studentebenodigdhede

ONDERSTEUN STAATMAKERS!

APTEKERS

J. P. VAN DER WALT

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118

POTCHEFSTROOM

Telefoon 929



„Aitsa!“

As die DAMES so sê moet jy weet die Jongheer koop sy klere by:

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Telefoon 1 POTCHEFSTROOM

Hulle Moet More die Pap Aanmaak

Schalk Hoogenboezem



HEELAGTER

'n Ervare heelagter met goeie hande en voete en 'n stewige verdediging. 'n Besering het hom tydelik uit aksie gestel, dog hy het ten volle herstel en behoort 'n veilige laaste vesting vir die Puk te vorm.

Friedel Swart



SKRUMSKAKEL

Met die uittrede van Bok Fourie het sy mantel op Friedel se skouers geval. Sy spel herinner baie aan die van sy voorganger.

Piet Bosman (kaptein)

FLANK

Deur sy voorbeeld kan Piet sy manne tot groot hoogstes lei. 'n Nagmerrie vir menige loskakel en 'n man wat weet hoe om die bal uit die loskrums aan sy-lyn te besorg, Piet het reeds sy provinsie met welslae verteenwoordig.

Poens Prinsloo VOORRY

Hoewel nie vreeslik groot nie, is Poens een bondel spiere en kan hy 'n woelige voorry se sakies vir hom werk as dit nodig word. Woel lekker in die losspeel.

H. B. van der Walt



VLEUEL

Hierdie aspirant-predikant speel in die jongste tyd somer puik. Sy verdediging is dodelik terwyl hy die spoed het om drieë te druk.

Piet Bingle HAKER

Hierdie aspirant-predikant het 'n blitsige haakvoet en speel in die losspeel soos 'n driekwart. Saam met Poens en De Waal vorm hierdie drie manne 'n gedugte kombinasie.

Eddie („Smous”) V. d. Westhuizen VLEUEL

'n Onbekende vir Ukovs, dog sy verbysterende systap maak van hom 'n gevaarlike vleuel. As hy nie werk kry nie, soek hy werk.

Johan v. d. Schyff



SETER

Hoewel nog onder negentien is hierdie jong speler reeds een van die staatmakers van die eerstespan sowel as van Wes-Transvaal. Is vinnig, stewig gebou en kan ook met sukses pale toe skop.

Koos Hattingh



SLOT

Verlede jaar nog onder negentien, dog vroeg vanjaar was dit duidelik dat Koos nie uit die eerstespan gehou sou kon word nie. Is verbasend vinnig vir 'n slot en rank hoog uit in die lynstane.

Terry Roscher FLANK

Hierdie fris apteker het dit vanjaar ernstig gemaak met sy rugby en vorm saam met Bosman en Koos du Plooy 'n puik drietal losvoerspelers. Terry is lekker fiks en sy swart kuif is altyd oral op die veld te sien.

U VOLGENDE HAARSNY:

Kom na

POTCH. HAARKAPPERS

(Langs President Teater)

Kerkstraat 104

Gedruk deur Enslins, Potchefstroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.

Jan v. d. Schyff



SETER

Jan speel al sedert 1957 vir die eerstespan sowel as vir Wes-Transvaal, dog vanjaar speel hy seker die beste rugby van sy loopbaan. Behalwe vir sy dodelike verdediging weet hy hoe om gate te slaan vir sy vleuels. Sy skopwerk pale toe is goed.

Willem de Waal VOORRY

De Waal lyk nie juis soos 'n voorryman nie, dog hy is geweldig sterk en ken al die fynere kunsies van sy posisie. Weet hoe om die bal van sy teenstanders af te neem.

Die foto's van Schalk Hoogenboezem en Koos du Plooy op hierdie bladsy is deur Fotokuns geneem.

Koos du Plooy



AGTSTEMAN

'n Voormalige vleuel, dog speel tans beter as ooit as agtsteman. Koos kan 'n agterlyn maklik ontwig en is altyd op sy plek, hetsy op verdediging of op aanval. Ongelukkig om nie gereeld vir Wes-Transvaal te speel nie.

Carl Grundlingh



LOSSKAKEL

Hy en Johan Jacobz het al verskeie kere teen mekaar gespeel en Carl het nog altyd met eer uit die stryd getree. Daar word met verwagting uitgesien na die botsing tussen die twee manne. Carl speel vir Wes-Transvaal.

Herman Venter



SLOT

'n Veteraan-eerstespanspeler wat al aan verskeie Intervarsities deelgeneem het. Die lang, lenige slot is veral puik in die lynstane, dog ook in die losspeel gooi hy sy volle gewig in.

Noordbrug Kontantwinkel

(Eien. A. J. Botha)

PRESIDENTSKOENE teen die laagste pryse in Potchefstroom en alle STUDENTEBENODIGDHEDE

Langs NOORDBRUG-Poskantoor

W. LINDEQUE

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

KERKSTRAAT 64


TELEFOON 1280

Ook 'n tak binne u bereik, in

Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste

S P E S I A L E P R Y S E V I R S T U D E N T E

Sterkte!



Lion Export Ale